

19

DIE DOOD

Ek is hartseer, want iemand is dood

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat die Here saam met hulle hartseer is as iemand doodgaan, maar dat Hy hulle vertrou.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- mense het ook in die Bybelse tyd doodgegaan.
- 'n mens is hartseer as iemand doodgaan.
- die Here help jou en troos jou as iemand vir wie jy lief is, doodgaan.

Gesindheid

Die kinders moet verstaan dat –

- die dood in alle mense se lewens voorkom.
- die Here elkeen vertrou wat iemand aan die dood afstaan.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- vir die Here te vra om hulle te vertrou wanneer hulle hartseer is oor iemand wat dood is.
- met iemand te praat oor hul hartseer.

MEER INLIGTING

Die klem in hierdie les moet, na aanleiding van Lukas 7: 11-13, geplaas word op die vertroosting wat die Here vir ons gee en die manier waarop Hy dit doen. Ons bid en vra die Here om ons te

help. Hy gebruik mense soos ons ouers, vriende, dokters en die predikante om ons te vertroos. Die kategeet moet nie die klem plaas op die opwekking uit die dood nie. Dit is 'n begrip wat die kinders nie sal verstaan nie.

Onthou dat hierdie 'n faseles is (graad R tot graad 3). Ouderdom maak 'n verskil wanneer dit kom by 'n begrip soos die dood. Die voorskoolse kind kan 'n vae idee hê van die dood; tog dink hulle dikwels dat dit omkeerbaar of tydelik is. Hulle vra baie vrae en is openlik oor wat gebeur het. 'n Kind van hierdie ouderdom beweeg maklik van hartseer na speel en kan selfs lyk asof hy of sy onaangeraak is deur die dood.

Kinders in die vroeë skooljare verstaan gewoonlik 'n bietjie meer en sou dalk ook meer inligting wil hê. Wanneer daar dalk vrae gevra word, moet 'n mens duidelik en presies antwoord. Moenie die saak probeer omseil met mooi woorde nie. Baie detail is ook nie nodig nie. Lê daarom die klem eerder op die vertroosting wat die Here bied as ons bid en as ander ons troos.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Vir elke kind in die klas 'n boekmerk van karton met die woorde *Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde* daarop geskryf.
- Inkleurkryt.

KOM ONS BEGIN

Lees Psalm 147: 3 en verduidelik *gebrokenes van hart* is mense wat hartseer is. Open met 'n kort gebed.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Vra vir die kinders of daar al iemand vir wie hulle baie lief was, doodgegaan het. Laat hulle ook sê hoe hulle gevoel het. Probeer uitvind of hulle kan vertel hoe mense rondom hulle hulle getroos het.

IETS INTERESSANT (Lukas 7: 11-13)

Jesus is iemand wat altyd omgee vir ander mense. Hy het dit vir ons gewys deur die manier waarop Hy gelewe het. Ander mense het vir Hom meer saak gemaak as sy eie lewe. Die Bybel vertel vir ons in Lukas 7: 11-13 van 'n keer toe Jesus gewys het hoe baie Hy vir mense omgee.

Hier lees ons die verhaal van 'n vrou in die klein dorpie Nain. Haar man was reeds dood en sy het by haar seun gebly wat vir haar gesorg het. Maar toe het iets verskriklik gebeur – die seun het ook doodgegaan. Sy was baie hartseer en het gehuil. Sy het ook nie geweet wie vir haar sou sorg nou dat haar man en kind dood is nie.

Jesus het saam met sy dissipels na die dorp toe gegaan. Daar het hulle toe langs die pad die mense gesien wat op pad was om die seun te begrawe. Jesus het ook hartseer geword toe Hy sien hoe die vrou huil. Jesus het haar baie jammer gekry en het na haar toe geloop en haar getroos: *Moenie huil nie!* het Hy vir haar gesê. Omdat Jesus God is, kan Hy haar so goed troos dat Hy die seun toe ook vir die hartseer mamma lewendig gemaak het.

Jesus kry mense jammer. Tot vandag toe nog sien Hy ons raak wanneer ons bekommerd en hartseer is. Wanneer ons bid en Hom vra, sal Hy ons ook troos en ons hartseer wegneem. Hy gebruik ook mense rondom ons om ons te vertroos, en Hy belowe om ons ook eendag lewendig te maak sodat ons vir altyd kan bly waar Hy is.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon weer die volgende:

- Jesus is baie lief vir mense en Hy kry ons jammer. Daarom help Hy ons wanneer ons hartseer is. Hy troos ons en help ons om nie vir altyd te huil nie.
- Die Here gebruik ook mense rondom ons om ons te troos wanneer ons hartseer is. Pappa of Mamma, of die dominee of jou juffrou kan met jou praat en jou vertroos. Jy moet ook met hulle praat as jy hartseer is.
- Wanneer iemand vir wie ons baie lief is doodgaan, is ons baie hartseer.
- Mense leef nie vir altyd nie. Mense gaan dood, en dit maak nie saak hoe oud of jonk hulle is nie.
- Alle mense wat op die aarde bly, gaan die een of ander tyd dood.
- Noudat Jesus nie meer saam met ons op die aarde is nie, belowe Hy dat Hy ons ook, as ons doodgaan, weer lewendig sal maak.
- Hy laat ons by Hom lewe waar Hy nou is.
- Jesus troos ons vir altyd en altyd wanneer ons hartseer is oor iemand wat doodgaan.

IETS OM TE DOEN

Deel die boekmerke vir hulle uit. Verduidelik weer *gebrokenes van hart* is mense wat hartseer is. Laat hulle die boekmerke versier en inkleur.

Vind vooraf uit by die predikant watter mense die afgelope paar maande dalk iemand aan die dood afgestaan het. Laat hulle die boekmerke by geleentheid by die kerk aan die betrokke mense gee.

BY DIE HUIS

Die ouers en kinders lees of sing Gesang 548. Beklemtoon veral vers 2.

*Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly.
Selfs wanneer ek bang is, weet ek Hy's naby.*

*Jesus is my koning en van alles Heer –
ek kan Hom vertel van al my pyn en seer.*

*Selfs wanneer ek stout is of my sleg gedra,
sal Hy my vergewe as ek Hom dit vra.*

*Ek weet Jesus lewe, daarom is ek bly.
Ek is nooit alleen nie, Hy is saam met my.*

AFSLUITING

Sluit af met 'n kort gebed. Vra die Here om almal wat die afgelope tyd iemand aan die dood afgestaan het, te troos.